# Afrikaanse Gemeente UAE

Meer en meer soos Jesus



Ds Gert Els 050 836 8392
gert@dubaigemeente.com
www.dubaigemeente.com



Jaargang 4 Uitgawe 108


## Die Heilige Gees neem beheer van jou lewe (Vervul met die Gees)

**Die Heilige Gees neem beheer van jou lewe (Vervul met die Gees)**

God het sy Heilige Gees vir elke gelowige gegee. Daarom word gelowiges die tempels van God genoem - omdat die Heilige Gees in hulle bly (1 Korintiërs 3:16).

In Handelinge lees ons hoe die Gees op mense gekom het en hulle vervul het (Handelinge 2:4). Die vervulling beteken dat hulle nou mense is in wie die Gees woon en werk. Hulle is vol van sy Gees. Daar word op baie maniere gepraat oor wat gebeur as die Gees in jou kom woon. In sommige gevalle ervaar mense die wonderlikste dinge (veral aanvanklik in Handelinge), in ander gevalle gee die Gees hulle gawes en in ander gevalle kry hulle wysheid om reg op te tree. Die Gees gee hulle dus die krag om op verskillende vlakke die Here reg te dien.

In Galasiërs 5:16-26 (sien ook Romeine 8) sê Paulus dat ons ons hele lewe deur die Gees moet laat beheer. Ons moet die stuurwiel van ons lewe in sy hande sit, want Hy is in ons. As ons dit doen, sal ons die vrug van die Gees, naamlik, liefde, vriendelikheid, goedheid en sulke dinge, in ons lewens begin sien. Hy sal ons dus lei om reg op te tree. So maak die Gees ons lewens "vol" van sy invloed.

In 1 Korintiërs 12 (sien ook Romeine 12) bespreek Paulus al die wonderlike geskenke wat God deur sy Gees vir ons gee. Wat ons as gelowiges geestelik nodig het, daarvoor sorg die Gees. Weereens maak Hy gelowiges se lewens "vol" van sy teenwoordigheid.

In Johannes 14-16 word die Gees gelowiges se Spesiale Helper genoem. Hy sal gelowiges versorg, hulle lei op die pad wat hulle moet loop en hulle goeie volgelinge van Jesus maak. So wil die Gees elke hoekie en draaitjie van 'n gelowige se lewe vul.

Vervulling sluit die belewnis en ervaring van die Gees nie uit nie. Ons moet egter weet dit bly nie daar nie. Dit is veel meer. Dit is God se Gees wat aktief in jou werk om beheer in jou lewe uit te oefen.

***Selgroepe:*** Met die vakansie het heelwat selgroepe vir 'n tydlank gesluit. Die reeling is dat elke groep self besluit afhangende van die getalle. Daar is dus heelwat groepe wat aangaan en noudat die 40 Dae Love to Pray ten einde loop sal ek in die volgende week selgroep materiaal uitstuur vir die groepe wat wel in die vakansie selgroepe het en nie materiaal het om te hanteer nie.

***1 Augustus 2009 Selleiers Toerusting*** vlak 1 vanaf 10:00 - 14:00 vir die wat dit nog nie deurloop het nie.

**Nuwe Lidmate Byeenkomste op 7 en 14 Augustus 2009 by Jebel Ali asook in Abu Dhabi:** Ons nooi alle persone wat oor die afgelope drie maande by ons gemeente ingeskakel het (veral as jy ook 'n lidmaatinligting vormpie voltooi het) om na hierdie byeenkomste te kom. Ons wil mekaar beter leer ken en gesels oor ons gemeente en julle inskakeling in die UAE. Ons wil graag hoor hoe die inskakeling verloop het en waar ons as gemeente mekaar beter kan ondersteun. ***In Dubai*** *kom ons vir 2 ure by Christ Church Jebel Ali bymekaar vanaf 14:00 tot en met 16:00. Daar sal ook tee en verversings bedien word.* ***In Abu Dahbi*** *vergader ons by die kerk vanaf 16:00 - 18:00. Daar sal ook tee en verversings bedien word. Ons sal 'n aparte tyd vir die nuwe lidmate in die Al Ain gemeente later bekendmaak.*

**Op Saterdag 16 Augustus 2009 word 'n werkwinkel gehou oor die Persoon en die werk van die Heilige Gees.** Die werkwinkel verskuif van die Vrydag na die Saterdag om vir ons meer tyd te gee vir bespreking. Dit is 'n nuutverwerkte program van ons vorige jaar met heelwat aanpassing. Die werkwinkel is 'n 5 uur werkwinkel wat strek vanaf 9:00 - 14:00 insluitende die pouses vir koffie en verversings. Ons bied die werkwinkel aan by Christ Church in saal 6. Aktuele temas word hanteer oor

die Persoon van die Heilige Gees,
die doop met die Heilige Gees,
die karakter van die Heilige Gees,
die krag van die Heilige Gees,
die wandel met die Heilige Gees,
die leiding van die Heilige Gees asook ander sake soos die "Torronto Blessing" en algemene vrae wat mense het oor hoe die Heilige Gees in ons lewens werk.

***Op Vrydag 21 Augustus 2009 begin begin ons met 30 Dae Ramadan-Gebedsfokus: UAE Turn To God***: Ons gemeente beplan 'n 30 dae van Gebed vir die 10/40 Venster oor die tydperk van Ramadan insluit. Ons begin op 21 Augustus 2009 en eindig op 19 September wanneer Ramadan eindig. Ons fokus gedurende hierdie tydperk is om te bid vir die UAE en ander lande binne die 10/40 Venster. Ons gaan in hierdie 30 Dae bid rondom die tema UAE DRAAI NA GOD. Daar sal weer soos met die vorige Ramadan, dagstukkies wees wat ons sal lei in die saak van Intersessie Gebed.

Orkeslede benodig

Weens verhuising van sommige lede is daar tans vakatures rondom klavier en ghitaar. Ons vra dat indien daar persone is wat met hulle talente wil kom dien julle asseblief met Alisdair Holmes skakel op 050 508 5094.

**Op Vrydag 31 Julie vanaf 14:00-16:00 by Jebel Ali Christ Church gebou, is daar 'n Bybelskool rondom die tydlyn en indeling van die Bybel.** Die bedoeling is om mense te help om die breëre samehang van die Bybel te verstaan en hoe die verskillende Bybelboeke in die tydlyn inskakel. Ons vra jou om per epos te antwoord of jy sal bywoon aan ***Firenza by admin@dubaigemeente.com LW*** Die Bybelskool is met een week aangeskuif

***Op Saterdag 22 Augustus 2009 het ons Jeugleiers Beplanningsvergadering***. Ons herinner ons almal wat betrokke is by die jeug van ons gemeente solank aan hiedie baie belangrike vergadering. Ons vra dat ons leiers asb moet kom inskakel. Ons sal nader aan die tyd vir julle die plek en tye verskaf.

**Gebedsoggend in Mirdif op 29 Augustus 2009**

Greetings in the Almighty name of Jesus. Guys I know that the summer holidays are coming up but we must stick close to our source who is Jesus, especially in this country. I would like to invite you all to a Men's Prayer morning from 08:00 till 10:00 on the 29th of August 2009 .The last prayer meeting was a success and all glory goes to our Heavenly father .The Father laid on our hearts the passion for the needs of others including those who are sick and those who are in need. I was watching a movie the other day and this word has stuck with me since last week Saturday: James 1:22 ***"But be ye doers of the word and not hearers only, deceiving your own selves."*** After all Jesus said Mathew 28:19 go out make Disciples and baptize them in the name of the Father, the Son and The Holy Spirit. This I believe is our great commission.

Hope to see you all and many more on the 29th .Be Blessed. Leon Williamson (Diaken by die Engelse Gemeente in Mirdif)

# Afrikaanse Gemeente UAE

***SELGROEP-BEDIENING en BIDURE***

| | Jebel Ali Bedieningspunt en Omgewing | | | |
|---|---|---|---|---|
| **#** | **Gasheer / Vrou** | **Epos** | **Kontak No.** | **Adres** |
| 1 | Jan Louis en Obri Oosthuizen | rolo@mailme.ae | 050-4378934 | Villa 43, Straat 1, Springs 12 |
| 2 | Jan en Sharon Pretorius | jpkamber@emirates.net.ae | 050-6514402 | Villa 18, Straat 2, Meadows 7 |
| 3 | Schalk van der Merwe | schalk@mailme.ae | 050-5521322 | Villa 6, Straat 9, Springs 6 |
| 4 | Poen en Madré Hamman | poenhamman@gmail.com | 050-6132601 | 3A, The Links, East Tower, Woonstel 703, The Greens |
| 5 | Basie en Adele Lombard | blombard@dcs.abudhabi.ae | 050-2533196 | Springs 3 |
| 6 | Willem en Riekie Nel | willem.nel@alshafar.com | 050-7342584 | Discovery Gardens, Cluster 80, Woonstel 502 |
| 7 | Schalk Herholdt | schalk@awwdubai.ae | 050-9108825 | Marina Diamond 1, Dubai Marina |
| 8 | Calvyn en Manda Hamman | Calvyn.Hamman@alfuttaim.ae | 050-6516700 | 26ste Straat, No. 129, Al Safa Village 3, Umm Sequim |
| 9 | Werner en Mylennie van Straaten | werner.vanstraaten@arup.com | 050-5573233 | Villa 5, Gate No. 32, Street 8A (Compound), Al Manara (next to Umm Seqeim) |
| 10 | Fanie Bosch | irtanker@gmail.com | 050-9358110 | Woonstel nr 9, Gebou 94, The Gardens |
| 11 | Johan en Margie Fourie | johan.fourie@murrob.ae | 050-6552696 | Straat 1A, Villa 10, Saheel, Arabian Ranches |
| 12 | Herman Esterhuizen en Nadine Barnard | herman.e@envac.ae | 050-4543713 | The Gardens, Building 13, Apartment 6 |
| 13 | Gretha Kotze | gretha@tuks.co.za | 055-6963640 | Marina |
| 14 | Donovan en Lizel Greyling | Lizel.Greyling@ae.aurecongroup.com | 050-1021945 | Gardens, Gebou 37, Woonstel 5 |
| 15 | Andre en Tertia Brand | tertiabrandsa@gmail.com | 050-3476034 | Discovery Gardens, Zen, Building 32, Apartment 202 |
| 16 | Bernhard Fischer | bfischer@mediclinic.ae | 050-3951458 | Springs 12, Straat 8, Villa 23 |
| | | | | |
| | **Sharjah / Mirdif Bedieningspunt en Omgewing** | | | |
| **#** | **Gasheer / Vrou** | **Epos** | **Kontak No.** | **Adres** |
| 17 | Piet en Carlene Vorster | pietvster@gmail.com | 050-5989351 | Fatima Ebrahim Gebou, Woonsel 108, (pienk gebou), regoor die Emirates College, naby Dubai Womens College en ook Diyafa School, Al Nahda |
| 18 | Leon en Helmien Williamson | mawillie@emirates.net.ae | 050-4568475 | Straat 87C, Villa No. 4, Mirdif |
| 19 | Michael Barber (English Group) | michael.barber@dbschenker.com | 050-1894423 | Mirdif, Villa 6, (Municipal No. 17c), Street 25b |
| 20 | Francois en Louise Bornmann | francois@cyrusglobal.com | 050-9650545 | Villa 24, Straat 51, Al Nekhailit, (grens van Ajman en Sharjah, 2km van Coral Beach), Sharjah |
| 21 | Christo en Sanet Viljoen | bcviljoen@yahoo.com | 055-7661263 | Villa 16, Straat 4, Shargan (naby Sharjah Ladies Club), Sharjah |
| 22 | Willem Marais | willem.marais@daeflightacademy.com | 050-6519704 | Granada Kompleks 3, No.7 Flayah, Ras Al Khaimah |

## Woensdagaand Biduurgroep

•Aan huis van **Jan en Sharon Pretorius** in **Meadows 7, Straat 2, Villa 18**. Kontaknommer is Sharon by 050 6514407. Tyd is 19:00.

•Aan huis van Linda en Gerhard in **Meadows 9, Straat 14, Villa 43** vir mense wat Egelstalig wil bid. Kontaknommer is Linda 055 831 7457. tyd is 19:00

### Abu Dhabi

- Kontak **Piet en Sandra Furstenburg,** Villa 58, Seashore Villas, Abu Dhabi (langs Spinneys by Mangrove Village). Kontaknommer vir Sandra is 050 734 4052 Tyd is 19:00

**Donderdagoggend Jeugbiduur om 10:00**. Bidgroep **vir die jeug** by Ds Gert in Springs 3 Skakel Ds Gert op 0508368392

# Afrikaanse Gemeente UAE

## SELGROEP-BEDIENING en BIDURE

| | Abu Dhabi Bedieningspunt en Omgewing | | | |
|---|---|---|---|---|
| # | Gasheer / Vrou | Epos | Kontak No. | Adres |
| 23 | Leon en Malinda Misselhorn | lmisselhorn@tdic.ae | 050-6749133 | Woonstel 102, Gebou C6, Khalifa Park, Abu Dhabi |
| 24 | Pieter en Sandra Furstenburg | pieter.furstenburg@gulfleighton.com | 050-4537691 | Villa 58, Seashore Villas, (langs Spinneys by Mangrove Village) Abu Dhabi |
| 25 | Ewert en Sharyn van der Linde | ewert@emirates.net.ae | 050-4188573 | Villa 220, 24ste Straat, Alkaramas, Abu Dhabi |
| 26 | Hannes en Christel Vorster | Hannes.Vorster@murrob.ae | 050-6557810 | Abu Dhabi, Mangrove Village, Villa No. 4079, Officer City |
| 27 | Tom en Cora de Wet | tom@barari.ae | 050-5925815 | Woonstel 704A, Al Sahel Towers, (regoor Spinneys) Abu Dhabi |
| 28 | Carel en Cathy Bosch | cathy.bosch@hotmail.com / boschjc@aljabercoin.ae | 055-6098744 | Sheikh Zayed 1st, Woonstel 606, Hondagebou (oorkant Nanorama Cinema) |
| 29 | Ellen en Francois van Pletzen | francoisvpletzen@gmail.com | 050-7529367 | Abu Dhabi, Zone 2, Villa 7, Sas Al Nakheel |
| 30 | Louis Holtzhausen | louisandceleste@gmail.com | 050-8185998 | Abu Dhabi, Airport Road |
| | | | | |
| | Al Ain Bedieningspunt en Omgewing | | | |
| # | Gasheer / Vrou | Epos | Kontak No. | Adres |
| 31 | Erich Ipland | erich01@emirates.net.ae | 050-8123016 | Villa 35, 3de Straat, New Manaseer, Al Ain |
| 32 | Annatjie Venter | venterannatjie@yahoo.com | 050-5330829 | Woonstel 2, Gebou 58, Al Ruwaihah, Al New Manaseer, Al Muwaiji, Al Ain |
| 33 | Danie en Sarita Esterhuysen | daniee@emirates.net.ae | 050-6162240 | 3de Straat 9C, Al Khabisi, Al Ain |
| 34 | Unita en Rob Botes | ubotes@gmail.com | 050-5832906 | Al Ain, naby Zayed Library Roundabout |
| 35 | Joey Grobler | joey_grobler@yahoo.com | 050-8369326 | Al Ain, Female Compound, Tawam Hospital, Al Maqam |
| 36 | Corné Nel | corne.nel@gmail.com | 050-3359025 | Al Ain, Villa 12, 11de Straat, Markaniya |
| 37 | Riëtte Fletcher | riettiefletch@yahoo.co.uk | 050-6634075 | Al Ain Bld. 31, 5de Straat, Murabba Central, Flat 1 |
| 38 | Pieter Hayton | pieter.hayton@gmail.com | 050-8316356 | No. 39 Green Compound, 43rd Street, Al Shuaiba, Al Ain |

**Woensdagaand Biduurgroep**

- Aan huis van **Jan en Sharon Pretorius** in **Meadows 7, Straat 2, Villa 18**. Kontaknommer is Sharon by 050 6514407. Tyd is 19:00.
- Aan huis van Linda en Gerhard in **Meadows 9, Straat 14, Villa 43** vir mense wat Egelstalig wil bid. Kontaknommer is Linda 055 831 7457. tyd is 19:00

**Abu Dhabi**

- Kontak **Piet en Sandra Furstenburg,** Villa 58, Seashore Villas, Abu Dhabi (langs Spinneys by Mangrove Village). Kontaknommer vir Sandra is 050 734 4052 Tyd is 19:00

**Donderdagoggend Jeugbiduur om 10:00**. Bidgroep **vir die jeug** by Ds Gert in Springs 3 Skakel Ds Gert op 0508368392